

Stuur terug aan:
Posbus 1, Sanlamhof 7532, Suid-Afrika

Strandweg 2, Bellville, Suid-Afrika
Posbus 1, Sanlamhof 7532, Suid-Afrika

T +27 (0)21 916 5000 of 0860 726 526
F +27 (0)21 947 9440
E life@sanlam.co.za

www.sanlam.co.za

Ons verwysing: 042915300X0 M194
10 April 2017

Mev. A.C. Wepener
Hippocrateslaan 54
Hospitaalpark
9301

Geagte mev. Wepener

Ons het addisionele eisgebeurtenisse by u plan bygevoeg

Produknaam Matrix TopDekking

Plannommer 042915300X0

U het die voordeel Helelewens omvattende gevreesde siekte op die bogenoemde plan. Ons het die beskerming hersien wat deur hierdie voordeel voorsien word en besluit om die volgende eisgebeurtenisse by te voeg sonder om u betaling te verhoog:

Eisgebeurtenis	% van die dekkingsbedrag
Karotisarteriesiekte: vernouing van ten minste een karotisarterie wat óf omleidingsoperasie óf endarterektomie benodig Die ondergaan van endarterektomie of omleidingsoperasie om die vernouing of obstruksie van ten minste een karotisarterie te herstel, soos bewys deur angiografie of MRI-bevindinge.	75
Sistemiese lupus eritematose (SLE) Die diagnose van sistemiese lupus eritematose (SLE), bevestig deur 'n rumatoloog. Dit moet met elk van die volgende ondersteun word: 1) Ten minste vier van die diagnostiese kriteria soos gelys deur die Amerikaanse Kollege van Rumatologie se SLE-klassifikasiekriteria in 2012; 2) Ten minste een kliniese en een immunologiese criterium OF biopsiebewysde lupus nefritis met ANA of anti-dsDNA antiligggame.	25
Crohn se siekte of ulseratiewe kolitis met herhaalde chirurgie Die onweerlegbare diagnose van ulseratiewe kolitis of Crohn se siekte deur 'n gastroënteroloog. Dit moes komplikasies tot gevolg gehad het, wat minstens twee chirurgiese ingrepe in die kolon of dunderm benodig het.	25

Eisgebeurtenis	% van die dekkingsbedrag
Guillain-Barre met permanente neurologiese tekort Die bevestigde diagnose van Guillain-Barre, wat tot permanente neurologiese tekort lei, met die totale afhanklikheid van mobilasie hulpmiddels. Dit sal na 6 maande geëvalueer word. Dit moet met 'n neurologiese verslag bevestig word.	100
Gedeeltelike sistektomie (verwydering van ten minste 50% van die urinêre blaas) Die chirurgiese verwydering van ten minste 50% van die urinêre blaas deur 'n spesialis, bevestig met chirurgiese verslae.	25
Enige gebeurlikheid Enige siekte of afwyking wat 'n hele persoon inkorting (WPI) van minstens 35% tot gevolg het en aan die klas 4-inkortingskriteria voldoen wat vir die relevante stelsel(s) in die Amerikaanse Mediese Vereniging se "Guides to the Evaluation of Permanent Impairment" of sy ekwivalent gespesifiseer word, volgens die mening van Sanlam se Hoof Mediese Beampte. Die funksionele inkorting, en permanensie daarvan, sal geëvalueer word na die versekerde lewe optimale, redelike behandeling ondergaan het, gegrond op algemeen aanvaarde mediese protokolle vir behandeling van die betrokke toestand ten tye van die eis. Behandeling wat ondergaan is, asook toekomstige behandeling, sal in ag geneem word. Die "Enige gebeurlikheid"-eisgebeurtenis sal slegs vir 'n eis oorweeg word as die toestand waarvoor geëis word nie tot gevolg het dat die versekerde lewe ook aan die kontraktuele eisgebeurtenisdefinisie van 'n ander eis voldoen nie.	100

Die eerste kolom in die tabel hierbo bevat die eisgebeurtenisse en die kontraktuele eisgebeurtenisdefinisies. Die definisies sal gebruik word wanneer die geldigheid van 'n eis geassesseer word. Ons sal slegs 'n eis erken as alle aspekte van die eis bewys word deur mediese getuienis wat ons redelikewys kan vereis om die eis teen hierdie definisies te assesseer. Die tweede kolom bevat die persentasie van die dekkingsbedrag wat aan die spesifieke eisgebeurtenis gekoppel is.

Eisgebeurtenisse

Hierdie eisgebeurtenisse sal vanaf 1 Januarie 2016 in werking tree. Dit beteken dat 'n eisgebeurtenis na 1 Januarie 2016 moes plaasgevind het, of dat daar vir die eerste keer aan die beskrywing en vereistes van 'n eisgebeurtenis na 1 Januarie 2016 voldoen is.

Eise sal egter slegs oorweeg word waar die oorsaak van die eis vir die eerste keer gediagnoseer is, of die simptome van die oorsaak van die eis vir die eerste keer gepresenteer is, na die dekkingaanvangsdatum vir die voordeel, of na die datum van enige dekkingsverhoging, waar van toepassing.

Verduidelikings

Die verduidelikings in die tabel hierbo is die kontraktuele definisies van die eisgebeurtenisse wat gebruik sal word om 'n eis te oorweeg. Vir 'n beter begrip van die eisgebeurtenisse is hulle ook in leketaal beskryf. Die leketaal is by u tussenganger of op die Sanlam webwerf by www.sanlam.co.za beskikbaar.

Eise

Ons moet so gou moontlik van die eis ingelig word. Om die nodige eisvorms te verkry en te verseker dat alle vereiste inligting aan ons verskaf word, kontak die Sanlam Lewens Eise-inbelsentrum by telefoon (021) 916-1710.

Nuwe Ernstige Siekte voordeelreeks

Sanlam Individuele Lewens het ook sopas 'n heeltemal nuwe Ernstige Siekte voordeelreeks vrygestel. Kontak asseblief u tussenganger as u enige van hierdie nuwe voordele by u plan wil voeg.

Deel van kontrakdokumente

Heg asseblief hierdie brief by die kontrakdokumente aan omdat dit nou deel daarvan vorm.

Navrae

Kontak asseblief die Kliëntesorgsentrum indien u enige navrae het. Die kontakbesonderhede van die Kliëntesorgsentrum word in hierdie brief voorsien.

Vriendelike groete



Karin Muller
Uitvoerende hoof: Sanlam Individuele Lewens

